



NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare Pensioenfonds



7 Desember 2021

Aan: Alle werkgewers, predikante en amptenare van die NG Kerk van Transvaal

Geagte Werkgewer en Lid

Omsendskrywe 7 van 2021:

1. Heffing op gemeentes
2. Begrafnisskema vir predikante
3. Begrafnisskema vir amptenare
4. Inenting van lede
5. Verkiesing en aanwysing

U sinode is behulpsaam om hierdie omsendskrywe te versprei.

Hierdie skrywe word gerig aan alle werkgewers en instansies asook predikante en amptenare in diens van die NG Kerk van Transvaal wat deelnemend is en wat aktiewe lede is van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds.

Heffing op gemeentes

Ek het in omsendskrywe 2 van 2021 u meegedeel van die heffing op elke werkgewer waar daar predikante en/of amptenare in diens is. Ek het ook aan u die redes verduidelik vir hierdie nominale heffing van R100,00 per werkgewer (en nie per werknemer nie) ongeag die hoeveelheid lede by 'n gemeente of instansie.

Ons het lank gesukkel om hierdie rekening by ABSA oop te maak. Op die 26ste November het ons verneem dat die rekening geopen is en dat alle *FICA* en *POPI* vereistes nagekom is.

Die rekening besonderhede is soos volg:

- Rekeningnaam: NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare Pensioenfonds
- Rekeningnommer: 41-0240-3942
- Tipe rekening: Tjek
- Tak naam: ABSA Sandton City
- Tak nommer: 632005

Tydens die vergadering van die Predikante en Amptenare Bestuurskomitee van 26 November, is daar bevestig dat hierdie heffing steeds met ingang van 1 Julie 2021 betaalbaar is en dat u die keuse het om dit met die Desember betaalopie oor te betaal, of om dit enige tyd Januarie of Februarie 2022 oor te betaal totdat u op datum is. Daarna, met ingang van 1 Maart 2022, kan u dit maandeliks oorbetal of as 'n lomsom vir die jaar vooruit. Die heffing sal vir die afsienbare toekoms nie verhoog word nie.

U kan gerus vir Me Classina Cornelius (voorheen van Goudland Sinode) kontak vir meer besonderhede. Sy sal die inbetalings monitor per werkgewer-lys van elke sinode. Haar epos adres is savannahpayroll@gmail.com

NG Lynnwood Sussexlaan 439, Lynnwood

GPS: S25°45.96 E28°15.93

E-pos : theo@pensioene.co.za;

Tel : 012 342 0415

'n Deelnemende Fonds aan die Sanlam Sambreelfonds

Begrafnisskema vir Predikante

Predikante sal moontlik onthou dat ek in my omsendskrywe 6 van 2021 (net aan hulle gerig) hulle mening wou toets oor die instelling van 'n begrafnisskema vir hulle ook (amptenare deel reeds in hierdie skema). Die terugvoer van nagenoeg twintig predikante was teleurstellend min maar almal wat wel terugvoer gegee het, was positief oor die instelling van die skema.

Tydens die vergadering van die Bestuurskomitee van 26 November, wou die komitee nie 'n besluit hieroor neem nie gegewe die klein getal van lede wat reageer het en het soos volg besluit:

Dat daar aan predikante gekommunikeer word dat die begrafnisskema met ingang van 1 Maart 2022 ingestel sal word mits daar min tot geen besware is (met ander woorde, dit sal aanvaar word dat die oorgrote meerderheid van predikante hiertoe instem).

Daar sal in die nuwe jaar weer hieroor gekommunikeer word maar tans sal die dekking vir predikante R15 000 per hooflid en kwalifiserende gade wees en R10 000 per kwalifiserende kind op 'n glyskaal van ouderdom. Die premie hiervoor is R30,00 per predikant per maand en belangrik, die dekking gaan voort na aftrede.

Begrafnisskema vir Amptenare

Tydens dieselfde vergadering van 26 November, het die Bestuurskomitee besluit dat die begrafnisdekking vir alle amptenare, opgeskuif word na R15 000 per hooflid en kwalifiserende gade en 'n glyskaal vir kwalifiserende kinders. Die premie hiervoor is R16,80 per amptenaar vir solank die lid in diens is en R30,00 (soos vir predikante) vir voortsetting na aftrede. Daar sal in die nuwe jaar ook meer hieroor gekommunikeer word.

Inenting van lede

Tydens die vergadering van 26 November, het die Bestuurskomitee verneem dat die risikopremies nie verhoog sal word nie ten spyte van die hoër getal sterftes wat ervaar was. Hierdie is inderdaad goeie nuus aangesien die gemiddelde verhoging in die bedryf tussen 30% en 80% is.

Sanlam het egter versoek dat lede aangemoedig word om tog ingeënt te word sodat die impak van enige toekomstige verhoging van premies weens 'n hoër eisegesiedenis, verminder kan word.

Verkiesing en aanwysing

U sou ook onthou dat ek in my omsendskrywe 2 van 2021, die verkiesing en aanwysing van verteenwoordigers op die Bestuurskomitee verduidelik het. Die aanwysing van werkgewervertenwoordigers was nie 'n probleem nie. Die versoek van nominasies vir ledevertenwoordigers het egter min reaksie ontlok. Daarom het ek elke sinode versoek om binne hul eie strukture, die verkiesing te hanteer. Daar is nog enkele vakante poste wat gevul moet word (die sinodes sal dit in die nuwe jaar hanteer) maar die onderstaande lede dien op die komitee met ingang van 1 November 2021:

Ds Anton Mieny (aangewys - Goudland Sinode)
Ds Francois Retief (aangewys - Oostelike Sinode)
Ds Paul Grobler (aangewys - Noordelike Sinode)
Ds Hannes Windell (aangewys - Hoëveld Sinode)
Ds Hennie West (verkose nuwe lid – Goudland Sinode)
Dr Michiel van der Merwe (verkose lid – Noordelike Sinode)
Mnr Anderton Smith (aangewese nuwe lid – Goudland Sinode)
Me Esme Gous (verkose nuwe lid – Goudland Sinode)
Me Cathy Odendaal (aangewys - Oostelike Sinode)
Mnr Johan Kruger (aangewys - Noordelike Sinode)
Mnr Johan Potgieter (aangewys - Hoëveld Sinode)
Me Sanelda Putz (verkose nuwe lid – Oostelike Sinode)

Baie geluk aan Ds Francois Retief wat tydens die nuut-saamgestelde Bestuurskomiteevergadering van 26 November 2021, verkies is as voorsitter.

Ons bedank die voormalige lede vir hul goeie diens. Die beste belang van die lede van die Fonds was hul prioriteit.

Groete

Die pandemie het ons opnuut laat beseef hoe broos ons as mense is en hoe belangrik die pensioenfonds is in die voorsiening van sterfte- en aftreevoordele. Die Predikante en Amptenare Pensioenfonds is 'n kosbare instelling vir die NG Kerk van Transvaal en die Bestuurskomitee hanteer u pensioensake met deernis en sorg.

Die kantoor sluit vir die Kersseisoen. In die nuwe jaar praat ons weer. Namens die Bestuurskomitee wens ek u 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe.

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER